

15 Oktober 2026

SAADBESTELLING VIR KOMMERSIËLE GRAANSAAD & CANOLA

Alle SSK Graanprodusente,

SSK streef daarna om deurlopend wêreldklas diens en produk aan sy lede en klante te lewer en deel daarvan is om saad aankope en voorraad optimaal te bestuur. Samewerking van produsente in hierdie verband is dus uiters belangrik en word u vriendelik versoek en herinner om kennis te neem van die bestaande onderstaande reëlings, ten einde SSK in staat te stel om hierdie proses tot voordeel van SSK, sy lede en klante te kan bestuur.

1. Indien graan vir saaddoeleindes verlang word, sal SSK dit hoog op prys stel indien u die inligting sal vasvang op u SSK Kliënte portaal onder "GRAIN \ SEED ORDERS" afdeling, of die vorms voltooi en terugbesorg aan gerdus.steyn@ssk.co.za voor of op 1 DESEMBER 2026.
2. Saad wat na 1 DESEMBER 2026 bestel word en wat dus spesiaal vir die produsente wat laat bestel het by ander instansies aangekoop word, sal noodgedwonge teen die duurder prys van die aangekoopte saad gefaktureer word.
3. Ingevoerde saad (insluitende kanola saad) waarvan SSK nie die lisensie houër is nie en wat deur SSK aangekoop word kan nie gekanselleer word nie.
4. Saad waarvan SSK die lisensiehouer is, sal toegelaat word om 10% van die totale bestelling, per kultivar skriftelik te kanselleer, met volgende aanvullende voorwaardes:
 - i. Indien u meer as 10 % van aanvanklike bestelling wil kanselleer of terug lewer aan SSK en waarvan die saad nie weer aan iemand anders verkoop word nie, sal dra koste gefaktureer word en die saad geallokeer vir u vir die daaropvolgende plantseisoen en moet derhalwe ingereken word by u saai / plant beplanning.
 - ii. Geen grootmaat verpakings, waarvan die seël gebreek is, word teruggeneem vir herverkoop nie. U word aanbeveel om die laaste hoeveelhede van 'n soort in die vorm van klein sakkies (50 kg) te neem, ten einde die oortollige saad te kan terugbring as deel van 10% kansellasie toleransie.
 - iii. Saad wat met Flite, Evergol Energy, Celest Top, Real Start IPM, Biocult of Biocult Rootgaard behandel word, kan nie gekanselleer of terug gelewer word nie.
5. Alle saad wat met produkte behandel word, wat nie deur SSK gebruik word of ongeregistreer is, word op die produsent se eie risiko gedoen en SSK sal geen verantwoordelikheid dra vir ontkiemings probleme van die saad nie.



6. Die kultivars wat beskikbaar is verskyn op die saad-bestellingsvorm. Indien daar 'n behoefte is aan 'n kultivar wat nie op die lys verskyn of selfs 'n behandelings keuse kan u direk kontak maak met die saadafdeling om u keuse uit te oefen.
7. Ontkiemingstoetse sal daaglik tydens die skoonmaakproses gedoen word om te verseker dat 'n hoë standaard gehandhaaf word.
8. Geen telefoniese saadbestellings sal aanvaar word nie. Slegs bestellings wat op die voorgeskrewe metode soos in punt 1 aangedui geplaas word sal aanvaarbaar wees.
9. Voltooi asb. u saadbestelling op u SSK Kliënte portaal onder "GRAIN \ SEED ORDERS" afdeling, of voltooi die vorms en besorg dit terug aan gerdus.steyn@ssk.co.za voor of op 1 DESEMBER 2026.

Navrae in verband met saad kan gerig word aan:

Gerdus Steyn Tel (028) 514 8687
Sel (082) 521 4515
E-pos gerdus.steyn@ssk.co.za

U samewerking word waardeer.

Vriendelike groete,

Gerdus Steyn

Senior Bestuurder: Saad

SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BPK

SSK

SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LTD

FSP Lisensie Nr. 1107 / FSP Licence No. 1107

Registrasie Nr. / Registration No. 1943/000002/24

NKR Lisensie Nr. 165 / NCR Licence No. 165

HOOFKANTOOR / HEAD OFFICE: Voortrekstraat 34 / 34 Voortrek Street, Swellendam 6740, Posbus / P. O. Box 12, Swellendam, 6740

Tel: (028) 514 8600, E-pos / Email: info@ssk.co.za, Web: www.ssk.co.za

Direkteure / Directors: D.H. van Papendorp (Voorsitter / Chairperson), M.J Odendaal (Onder-Voorsitter / Vice Chairperson), J.H. Barry, J.M. Joubert, M.G. Lourens, G.J. Muller, J. de V. Reinecke, A.J. Steyn, M.S. Streicher, P.H. de Jager, D.J. du Plessis, M.M. Vermaak



KULTIVAR INLIGTING 2027

VRYWARING

Sentraal Suid Koöperasie kan nie die akkuraatheid, volledigheid of geldigheid van enige inligting op hierdie inligting stuk waarborg of bevestig nie en u word aangemoedig om deskundige advies te raadpleeg voor u op enige inligting steun. Die data is versamel uit verskeie bronne en sodanige bronne sal op versoek beskikbaar gestel word. Die maatskappy sal ook nie aanspreeklik gehou word vir die gebruik van enige sodanige inligting nie. Die inligting kan te eniger tyd en sonder vooraf kennisgewing opgedateer, bygevoeg, verwyder en hersien word. Enige inhoud, sienings, opinies, advies, verklarings, dienste, produkte, aanbiedings, data, inligting ensovoorts wat beskikbaar gestel word hierin is dié van die betrokke party en weerspieël nie noodwendig dié van die maatskappy nie en verwysings na produkte, prosesse, dienste, handelsmerke ensovoorts impliseer nie die maatskappy se goedkeuring en/of aanbeveling daarvan nie.

Die maatskappy, direkteure, aandeelhouders, werknemers, beamptes, verskaffers, agente en/of verteenwoordigers aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige direkte, indirekte, toevallige of gevolglike verlies of skade van enige soort of aard wat voortspruit uit die gebruik of afhanklikheid van enige inligting vervat in die inligting stuk nie.

BEREKENING VAN PLANTDIGTHEID

Saaidigtheid is een van die belangrikste bepalende faktore tot are/m², en is dus ook 'n bepalende faktor tot opbrengs. Die duisende korrel massa van die saad bepaal die hoeveelheid pitte in 'n kg. Die duisende korrel massa en gewenste plante/m² word as volg gebruik om saaidigtheid te bereken:

$$\text{Plantdigtheid (kg/ha)} = \frac{\text{plante/m}^2 \times 1000 \text{ korrel massa (g)}}{\text{oorlewing (\%)}}$$

Die tabelle hier onder kan gebruik word om die saaidigtheid te bereken vir die gewenste plante/m², saad duisende korrel en verwagte oorlewings %.

OORLEWINGS %		SAAD DUISENDKORRELMASSA (g)														
80%		32	34	36	38	40	42	44	46	48	50	52	54	56	58	60
PLANTE PER M²	150	60	64	68	71	75	79	83	86	90	94	98	101	105	109	113
	175	70	74	79	83	88	92	96	101	105	109	114	118	123	127	131
	200	80	85	90	95	100	105	110	115	120	125	130	135	140	145	150
	225	90	96	101	107	113	118	124	129	135	141	146	152	158	163	169
	250	100	106	113	119	125	131	138	144	150	156	163	169	175	181	188

Berekening van plantdigtheid met die gebruik van **planters** in bewaringsbewerking waar 'n oorlewingspersentasie van **80%** verwag kan word.

OORLEWINGS %		SAAD DUISENDKORRELMASSA (g)														
60%		32	34	36	38	40	42	44	46	48	50	52	54	56	58	60
PLANTE PER M²	150	80	85	90	95	100	105	110	115	120	125	130	135	140	145	150
	175	93	99	105	111	117	123	128	134	140	146	152	158	163	169	175
	200	107	113	120	127	133	140	147	153	160	167	173	180	187	193	200
	225	120	128	135	143	150	158	165	173	180	188	195	203	210	218	225
	250	133	142	150	158	167	175	183	192	200	208	217	225	233	242	250

Berekening van plantdigtheid met die gebruik van die **uitstrooi en toekrap metode** waar 'n oorlewingspersentasie van **60%** verwag kan word.

KORING

Agronomiese eienskappe

KULTIVAR	SUID-KAAP SAAI/ PLANTTYD	SUID-KAAP PLANTE / M ²	GROEI- PERIODE	UITLOOP WEERSTAND
SST 0147	01/05 – 05/06	165 – 200*	Med – Lank	T
SST 0235	01/05 – 05/06	165 – 200*	Kort	T
SST 056	01/05 – 05/06	165 – 200*	Medium	T
SST 0187	01/05 – 05/06	165 – 200*	Med - Lank	T
SST 0166	01/05 – 05/06	165 – 200*	Medium	T
SST 0208	25/04 – 05/06	165 – 200*	Lank	T
IS TORDO	25/04 – 05/06	160 – 200*	Lank	T
LG ANCIA	01/05 – 05/06	160 – 200*	Kort	T
LG ALBATROS	01/05 – 05/06	160 – 200*	Kort	T
LG FISANT	01/05 – 05/06	160 – 200*	Med - Kort	T
<i>*Die plante / m² verskil tussen droër en natter areas – raadpleeg kultivar handleiding. Uitloop weerstand sleutel, (T - Tolerant) (MT - Matig Tolerant) (M - Matig) (S - Sensitief)</i>				

Saad kg/ha is 'n funksie van gewenste plante/m² en die saad se duisend korrel massa – sien berekening van plantdigtheid tabelle op bladsy 1.

Siekteweerstand

KULTIVAR	GEELROES	BLAARROES	STAMROES	WITROES (POEIERAGTIGE MEELDOU)
SST 0147	MW	MW	MW	V
SST 0235	W	MW	MW	V
SST 056	MW	MV	MV	V
SST 0187	W	MV	MW	V
SST 0166	W	MV	MV	V
SST 0208	W	MV	MW	V
IS TORDO	MW	W	W	V
LG ANCIA	W	MV	MV	V
LG ALBATROS	W	MV	V	V
LG FISANT	W	MW	V	V
<i>V – Vatbaar MV – Matig vatbaar MW - Matige weerstand W – Weerstand</i>				

- Variasie in roesrasse mag kultivars verskillend beïnvloed en rasse mag varieer tussen produksiegebiede.
- Die reaksies wat hier aangedui word is gebaseer op bestaande data vir die mees virulente roesrasse wat in Suid Afrika voorkom.
- Volledige Sensako saadgids kan afgelaai word by:
<http://www.sensako.co.za/ProductSubCategory.aspx?id=1>

GARS

Agronomiese eienskappe

KULTIVAR	STROOI-STERKTE	STROOI-LENGTE	PLANTE / M ²
Kadie	Goed	Med - Kort	100 - 180
Malgas (S20)	Goed	Med – Kort	

Saad kg/ha is 'n funksie van gewenste plante/m² en die saad se duisende korrel massa – sien berekening van plantdigtheid tabelle op bladsy

Siekteweerstand

KULTIVAR	BLAARVLEK	NET-TIPE NETVLEK	KOL-TIPE NETVLEK	BLAARROES
Kadie	W	MW	V	MW
Malgas (S20)	W	V	MW	MW
<i>V - Vatbaar MV - Matig vatbaar MW - Matige weerstand W – Weerstand</i>				

- Volledige SABBI droëland kultivargids kan afgelaai word by:

<https://sabbi.org/varieties/#1579207121683-2735bd74-8c09>

VOERGARS

KULTIVAR	STROOI-STERKTE	BREEDWERPIG (KG/HA)	PLANTER (KG/HA)	GROEI-PERIODE	SIEKTEVATBAARHEID		
					BLAARVLEK	NETVLEK	BLAAR-ROES
SKG 9	Goed	70	50	Kort	W	MW	MW
Moby	Goed	70	60	Kort	W	MW	MW
DICTATOR II	Goed	70	60	Kort	W	M-MW	MW
SVG 13	Goed	70	60	Kort	W	MV	MV
BARFORCE	Goed	80	70	Kort	W	MW	W
<i>V - Vatbaar MV - Matig vatbaar MW - Matige weerstand W – Weerstand</i>							

KOROG

KULTIVAR	DAE TOT AAR	BLAARROES	STAMROES	GEELROES	RUSSIESE-LUIS WEERSTAND
US2019	110	W	W	W	W
AG Marcell	110	W	W	W	W
AG Bentley	105	W	W	W	W
AG Beacon	95	W	W	W	W
Saaidigtheid (kg/ha): Breedwerpig = 300 sade/m ² = 100 - 150 kg/ha Plant = 200 sade/m ² = 90 - 100 kg/ha <i>V= Vatbaar W = Weerstand MW = Matige weerstand</i>					

HAWER

KULTIVAR	ROES- VATBAAR	GROEI- SEISOEN	VESTIGING	
			PLANTE/M²	
			VOER	OES
SSH 491 (O,W,K,H)	V	Medium	160 - 180	140 - 160
SSH 4185 (O,W,K,H)	MW	Med-Laat		
SSH 4186 (O,W,K,H)	MW	Medium		
DUNNART (O, K, H)	MW	Medium		
HORSEPOWER (W, K, H)	W	Med-Laat		
SADDLE (W, K, H)	W	Medium		
RUSHMORE (W, K, H)	W	Med-Laat		
BARSAIA PLUS HAWER (W, K, H)	MW	Laat		
WARLOCK (W, K, H)	W	Med-Laat		
WILLIAMS (O)	MW	Med-Vroeg		
BANNISTER (O)	MW	Med-Vroeg		
WIZARD (W, K, H)	W	Laat		
MAGNIFICO (W, K, H)	W	Laat		
Weiding/lupiëne - vestig saam as mengsel (50 kg/ha hawer + 50 kg/ha lupiëne)				
<i>V = Vatbaar MW = Matige weerstand W = Weerstand</i>				
<i>O = Ontbyt hawer W = Weiding K = Kuilvoer H = Hooi</i>				
<i>Kompasberg nie meer aanvaarbaar vir ontbythawer nie, wel vir voer.</i>				
Die plante / m² verskil tussen droër en natter areas – raadpleeg kultivar handleiding.				

Saad kg/ha is 'n funksie van gewenste plante/m² en die saad se duisende korrel massa – sien berekening van plantdigtheid tabelle op bladsy 1.

LUPIENE

KULTIVAR	DAE TOT BLOM	ANTRAKNOSE	WITROES	VESTIGING (KG/HA)	
				SAAI	PLANT
Mandelup (soet)	80 - 85	MW	V	80 - 100	60 - 80
Lila B (soet)	78 - 80	W	V	80 - 100	60 - 80
Bitter Lupien Gemeng / SSL10	80 - 90	MW	MW	80	60 - 70
Coyote	80 - 85	W	V	80 - 100	60 - 80
Azuro (bitter)	80 - 90	W	V	80	60 - 70
<i>Plantestand = 45 plante/m²</i> <i>V = Vatbaar</i> <i>W = Weerstand</i> <i>Gem. 1000 korrelnassa = 110g</i> <i>MW = Matige weerstand</i>					

CANOLA

KULTIVAR	GROEI- SEISOEN	SAAILING- GROEI- KRAG	PLANT- HOOGTE	VESTIGING (KG/HA)		SWARTSTAM WEERSTAND
				SAAI	PLANT	
KONVENSIONEEL						
Quartz	Medium	Uitstekend	Medium	3 - 4	2 - 3	W
Diamond	Vroeg	Uitstekend	Medium	3 - 4	2 - 3	MW
CYSURE TOLERANT						
44Y94 ♦	Medium	Uitstekend	Medium	3 - 4	2 - 3	W-MW
45Y95 ♦	Med-Lank	Uitstekend	Lank	3 - 4	2 - 3	W-MW
Solstice CL ♦	Vroeg-Med	Uitstekend	Med-Lank	3 - 4	2 - 3	W
Continuum CL ♦	Vroeg-Med	Uitstekend	Med-Lank	3 - 4	2 - 3	MW
Equinox CL ♦	Medium	Uitstekend	Medium	3 - 4	2 - 3	W
PY421C ♦	Med-Vroeg	Uitstekend	Medium	3 - 4	2 - 3	W-MW
Nuseed Ceres IMI♦	Vroeg	Uitstekend	Medium	3 - 4	2 - 3	W
TRIASIEN TOLERANT						
HyTTec Trophy♦	Medium	Uitstekend	Med-Kort	3 - 4	2 - 3	W
HyTTec Trifecta♦	Medium	Uitstekend	Medium	3 - 4	2 - 3	W
HyTTec Velocity TT♦	Vroeg	Uitstekend	Medium	3 - 4	2 - 3	MW
Alpha TT ♦	Vroeg-Med	Uitstekend	Med-Kort	3 - 4	2 - 3	W
PY429T ♦	Medium	Uitstekend	Medium	3 - 4	2 - 3	W
PY432T ♦	Vroeg-Med	Uitstekend	Medium	3 - 4	2 - 3	W
Blazer TT ♦	Vroeg-Med	Uitstekend	Med-Kort	3 - 4	2 - 3	W
TRIASIEN & CYSURE TOLERANT						
Defender CT ♦	Med-Vroeg	Uitstekend	Medium	3 - 4	2 - 3	MW
PY520TC ♦	Med-Lank	Uitstekend	Medium	3 - 4	2 - 3	W-MW
♦ = <i>Baster</i>						
<i>Swartstam skale volgens nuutste Australiese inligting (sonder enige behandeling).</i>						
<i>W=Weerstand / MW=Matige weerstand / MV=Matig vatbaar / V=Vatbaar</i>						
<i>Maak seker op die sakkies en etikette waarmee die betrokke sakkies canola wat gebruik gaan word, behandel is.</i>						

ANDER VOERGEWASSE

TIPE	KULTIVAR	DAE TOT BLOM	ROES VATBAAR	WITROES	VESTIGING (kg/ha)	
					Saaï	Plant
Faba Bone	Fiesta	80 - 100	*	W	150	120
Voererte	Arvika	65 - 75	*	W	120	100
Geel Graanerte	Astronaute	*	*	*	120	100
Geel Graanerte	Gambit	60 – 70	*	*	130	110
Voerrog	AFG R1	Kort groeiperiode	W	*	60	50
Voerrog	Duikermx	Medium groeiperiode	W	*	60	50
Voerrog	Barpower (<i>W, K, H</i>)	Medium groeiperiode	W	*	60	50
Stoelrog	NCD Gracer (Wintertipe)	Med-Lank groeiperiode	W	*	60	50
Stoelrog	Echo (Wintertipe)	*	W	*	60	50
Stoelrog	Powergreen (Winter tipe)	Lang Groeiperiode	W	*	60	50
Stoelrog	Macblue (Winter tipe)	*	W	*	60	50

*V = Vatbaar MW = Matige weerstand W = Weerstand * = Geen inligting
(W = Weiding K = Kuilvoer H = Hooi)*